

Logos Gemeente van Christus

Hoe pas die coronavirus in die openbaringsgeskiedenis?

Openbaring 10:1-11

12 April 2020

Ek het dit goed gedink om die reeks preke waarmee ons besig is oor die Onse Vader te onderbreek, met die doel om vandag stil te staan by die coronavirus. Die vraag wat ek wil hanteer is: Hoe pas die coronavirus in die openbaringsgeskiedenis? As ons dit begryp, kan ons verder besin oor die gepaste reaksie wat dit by ons behoort te hê. Ek wil die onderwerp hanteer onder die volgende punte:

- Opsomming van die coronavirus en sy effek in die wêreld
- Maniere waarop die gebeure rondom die coronavirus geïnterpreteer word
- Wat leer Openbaring?
- Implikasies vir ons

Opsomming van die coronavirus en sy effek in die wêreld

Ek wil nie te lank hierby stilstaan nie. Daar is baie inligting beskikbaar, en ek vertrou julle is goed op hoogte hiervan. So, ek noem maar enkele punte:

- Die coronavirus tas die asemhalingstelsel van mense aan. Tans is daar geen effektiewe behandeling of antivirale teen hierdie virus nie. Die virus versprei vinnig, maklik en effektief van mens tot mens. Sommiges wat geïnfekteer word, het bloot ligte simptome, terwyl ander ernstig siek word en sommige sterf. Die siekte is veral ernstig vir ouer persone en die wat ander onderliggende mediese kondisies het. Persone van alle vlakke van die samelewing loop die risiko om geïnfekteer te word. Teen Woensdag hierdie week was die situasie dat reeds 1,4 miljoen mense wêreldwyd geïnfekteer was, meer as 80 000 het reeds gesterf.
- Die effek van hierdie virus is wêreldwyd dramaties: Gesondheidstelsels word wêreldwyd beproef deur die groot getalle mense wat mediese sorg nodig het. Regerings skarrel om die impak op hierdie stelsels te beheer, maar dit gaan gepaard met inperkings van mense, wat op sy beurt ontsaglike ekonomiese gevolge het. Besighede se voortbestaan word bedreig, aandelemarkte tuimel, en sekere industrieë wonder hoe hulle gaan herstel. Politieke leiers, gesondheidswerkers, en gewone burgers moet erken hierdie situasie is nie onder hulle beheer nie. En om te dink al hierdie dinge het sedert Desember laasjaar gebeur.
- Langtermyn effekte is op hierdie stadium onduidelik. Maar ons kan verwag daar gaan beduidende effekte oor 'n lang periode wees.
- Dit het ook 'n impak op die kerk. Gewone gemeentelike byeenkomste kan nie meer plaasvind nie, en bykans alle gemeentes gebruik elektroniese media om iets van die bediening in die gemeente aan die gang te hou.

Maniere waarop die gebeure rondom die coronavirus geïnterpreteer word

Nodeloos om te sê, wonder mense, en ook gelowiges, wat moet ons maak met hierdie gebeure. In die eerste plek, vertrou ek dat ons as gemeente oortuig is dat God soewerein in beheer is van hierdie gebeure. Maar as dit waar is, sou mens tog ook verwag dat God dan 'n spesifieke, konstruktiewe doel het wat Hy hierdeur wil bewerk. Ek het so bietjie rondgekyk watter aanbevelings is daar hoe predikante hierdie saak in hulle gemeentes behoort te hanteer. Baie van die onderwerpe wat aangeraak word, is bemoedigend van aard. Onderwerpe soos: God is getrou, Hy is in beheer, alles sal

vir gelowiges ten beste meewerk, ens. Natuurlik is dit alles waar, en natuurlik mag en moet ons hieraan vashou.

Maar ek sien ook interpretasies soos die volgende: Lees Jes 26:20: “Gaan in julle slaapkamers (OAV: binnekamers) in, my volk, sluit die deure agter julle toe. Kruip ‘n rukkieweg totdat God klaar is met straf”. Daar word geredeneer dit is tog wat nou aan die gebeur is en wat ons moet doen. Die lyn word selfs na Mat 6 getrek – bloot omdat hier en in Mat 6 van binnekamer gepraat word, en daarom moet ons nou hierdie tyd ‘n tyd van gebed maak. Of, word daar geredeneer, dink maar aan Noag in die ark. Hy moes homself juis afsonder/inperk in die ark, en dit is hoe hy en sy gesin gered is. Of, dink aan die instelling van die pasga, waar die Israelitiese gesin in hulle huise moes ingaan, agter die deur waaraan die bloed van die paaslam gesmeer is, en sodoende is hulle bewaar. Is dit hoe ons na hierdie gebeure moet kyk?

Wel, kom ons dink vir ‘n oomblik: Die ark is sekerlik ‘n simbool van Christus. Die paaslam is ook sekerlik ‘n simbool van Christus. Natuurlik is dit waar dat as ons in Christus invlug, ontkom ons daardeur aan God se oordeel – veral Sy finale oordeel – dink maar net aan die belofte aan Noag dat God nie weer die wêreld so sal vernietig nie tot en met die einde! Ons benader dus die finale oordeel deur in Christus in te vlug. Maar wat het dit met die coronavirus te doen? Of is die coronavirus nou die finale oordeel?

Daar is nog ‘n paar besorgdhede met hierdie interpretasie:

- In beide die gevalle van Noag en die pasga, was dit al die gelowiges wat in die ark of die huis bymekaar gekom het, en die ongelowiges was almal buite. Dis nie waar van die virus nie.
- Almal wat binne die ark, huis of binnekamer was, was gewaarborg dat God se oordeel hulle nie sou tref nie. Dis nie waar van die virus nie.
- Daardie binnekamer gebede waarna hierdie interpretasie verwys, word dikwels nou per internet versprei en enigiemand kan daarna luister. Is dit nie dieselfde as om op die hoeke van die strate te staan en bid nie. Let op: hierdie hele binnekamergebedinterpretasie is twyfelagtig – gaan luister tog weer na Willie se preek hieroor in Januarie 2020.
- Jes 26:20 praat van: Kruip weg (NAV)/Verberg (OAV), terwyl Mat 28:19 praat van: Gaan dan na alle nasies, stamme, tale en volke (OAV: Gaan dan heen...)
- Ek is oortuig Noag en die pasga wys eerder na die skeiding van die skape en bokke met die finale oordeel waarvan Mat 25:31ev praat. Daarteenoor het ons die gelykenis van die onkruid tussen die koring wat Jesus in Mat 13:24ev, 36ev vertel het om aan te dui die koring en onkruid word nie geskei tot en met die finale oordeel nie.

Die bekommernis is dat hierdie tipe interpretasies ons nie insig gee in waarna God besig is om te werk nie, en mag gevolglik die verkeerde of ten minste gebrekkige respons by ons tot gevolg hê.

Wat leer Openbaring?

Daar is ‘n boek in die Bybel wat met die spesifieke doel geskryf is om aan ons insig te gee oor wat ons kan verwag in die laaste dae gaan gebeur. Die boek is Openbaring. Openbaring 1:1 maak dit duidelik: God het aan Jesus deurgegee het wat binnekort moet gebeur, en Jesus het dit weer aan Johannes bekend gemaak. Wat bedoel hierdie vers met die term “binnekort”? Eenvoudig van die tyd wat Johannes geleef het, verder aan. Die van julle wat deel is van die Openbaring Bybelstudie sal weet hoe baie keer ons al gepraat het oor die terme: 1260 dae, 42 maande, of tyd, tye en ‘n halwe tyd, wat gereeld deur die boek voorkom. En elke keer het ons maar weer gesê dit verwys na die tyd tussen Christus se eerste koms en sy tweede koms – m.a.w. dit verwys na die tyd waarin ons nou leef.

Ek vind baie aanklank by die kommentare van Hendriks en Beale oor Openbaring. Hiervolgens kan ons die boek indeel in twee hoofdele:

- Op 1-11 – Handel grootliks oor die gebeure op aarde gedurende die laaste dae. Daar is gedeeltes wat duidelik in die hemel afspeel, maar die fokus is grootliks op aarde.
- Op 12-22 – Hierdie gedeelte help ons om die “storie-agter-die-storie” van hoofstukke 1-11 te verstaan, m.a.w. dit help ons om die motivering te begryp waarom God laat gebeur wat gebeur.

Ons kan nie vanoggend na alles kyk nie, so ek wil die gesprek beperk tot ‘n seleksie van wat ons in die eerste gedeelte van die boek leer, dus hoofstukke 1-11. Hierdie deel van die boek bestaan op sy beurt weer uit drie dele, wat baie maklik identifiseerbaar is: 7 briewe aan die 7 gemeentes waardeur Jesus die kerk leer oor hoe hulle behoort op te tree in hierdie periode, die oopmaak van die 7 seëls waardeur Jesus die gelowiges wil bemoedig dat Hy die gebeure op aarde rig, en die blaas van die 7 trompette as waarskuwing aan die wêreld dat hulle hulle moet bekeer.

- Sewe briewe aan die sewe gemeentes (Op 1-3)

Die boodskap is duidelik: Jesus self besoek die gemeentes en beoordeel wat in elk van die gemeentes aan die gang is. In 5 gevalle het Jesus positiewe aspekte in die betrokke gemeentes waargeneem, en in 5 gevalle negatiewe aspekte. Ons kan nie vanoggend in detail stil staan by wat al hierdie aspekte was nie (dit is hoekom ek jou gevra het om weer deur die briewe te gaan lees), maar toe ons in die Bybelstudie hierna gekyk het, het ons die negatiewe aspekte as volg opgesom: terugglyding (backsliding), skynheiligheid, valse gerustheid, valse lering wat gegee en verdra is. Ons het ook die oproepe wat Jesus aan hierdie gemeentes gerig het, opgesom: Dink hoe ver julle al agteruit gegaan het, word wakker, bly getrou, bekeer julle, koop die regte skatte! En dan is daar die waarskuwings aan die gemeentes: Jesus kan hulle lampstaander wegvat as hulle hulle nie bekeer nie, of ten minste mense uit hulle midde wegvat/bestraf. In Tiatira waarsku Jesus dat Hy gebrek aan bekering gaan aanspreek deur ‘n pessiekte te stuur – let op tot binne die gemeente!

Ek glo die implikasie is duidelik: Geen gemeente mag ooit gerus terug sit en net wag dat God se oordeel verbygaan nie. Nee, elke gemeente moet haarself keer op keer weer gaan ondersoek. Jesus beoordeel die gemeentes voortdurend, en ons moet ook onself beoordeel – veral as daar dinge gebeur soos die koronavirus.

Kom ons dink oor Logos: Is daar aanduidings van backsliding in ons midde? Valse gerustheid – m.a.w. ons dink alles is reg, maar alles is nie reg nie? Is ons absoluut gesteld op ware leer, of is daar argumente dat suiwer lering nie so belangrik is nie? Dink wat Jesus sê: Ek kan julle lampstaander wegvat. Dink nou aan daardie vergadering in Januarie waar gesuggereer is: Miskien moet elkeen maar vat wat hy na die gemeente gebring het, en dan gaan ons huis toe! Julle ken die situasie in die gemeente. Ons het nog nie een maal nagmaal gevier hierdie jaar nie. Ons het nie ‘n aktiewe ouderling nie – net sogenaamde leiers. Dit is ver van ideaal. En nou het ons boonop die virus – ek is oortuig God is besig om ernstig met Logos te praat. En ons moet dringend besin oor die pad vorentoe.

- Oopmaak van die sewe seëls (Op 4-8:5)

Die seëls wat oopgemaak word is vir ons beskryf om die gelowiges te bemoedig dat al is hulle vasgevang in ‘n wêreld met baie onreg en swaar, is dit steeds Jesus self wat die seëls oopmaak – ‘n seël het tog die doel om versekering te gee. Ek wil nie in detail hierby stilstaan

nie, maar wil net die oopmaak van die vyfde seël uitlig (Op 6:9-10). Hier lees ons van die siele van die mense wat doodgemaak is omdat hulle aan die getuienis van Jesus vasgehou het. Hulle siele is onder die altaar, en hulle vra: "Hoe lank nog, heilige en getroue Heerser? Wanneer voltrek U die oordeel....?"

Spring nou na die sewende seël in Op 8:1-5. Hier lees ons dat die gebede van die gelowiges (ook die gebed in die vyfde seël waarna ons hierbo verwys het) saam met die wierook opstyg voor God – en dit gee aanleiding daartoe dat die engel vuur van die altaar af vat en dit op die aarde gooi. En die gevolg hiervan is dat die sewe trompette geblaas word. Let op: die gebede van die gelowiges dra by daartoe. Kan ek jou herinner aan die baie keer wat ons gebed het dat God tog die wêreld tot sy sinne moet bring, hulle tot stilstand moet bring. God het dit nou letterlik gedoen – en ons moet kennis neem deels as vervulling van ons gebede.

- **Blaas van die sewe trompette (Op 8:6-11)**

Die blaas van die trompette is waarskuwings aan die wêreld dat God se oordele op pad is. Die eerste 4 trompette word geassosieer met allerlei natuurrampe (Op 8:6-13): eerste trompet: derde van die aarde verbrand, tweede trompet: see word bloed en derde van die seelewe verdwyn, derde trompet: varswater word bitter en baie sterf daarvan, vierde trompet: die hemelliggame word donker. Ek gaan nie in detail hierop in nie – maar ons sien baie natuurrampe rondom ons: dink maar net aan onlangse veldbrande, of see en varswater besoedeling wat ernstige gevolge het. Met die blaas van die vyfde trompet word juis die ongelowiges geteiken – sien Op 9:4 – i.e. die mense wat nie die seël van God op hulle voorkoppe het nie. Hulle word op so 'n manier getref dat hulle die lus vir die lewe verloor het – maar hulle word nie toegelaat om te sterf nie. Dink maar net aan hoeveel gevalle van depressie tipies is van ons tyd – mense wat die lus vir die lewe verloor het. En wanneer die sesde trompet geblaas word tref 3 plae die mensdom – vuur, rook en swael en 'n derde van die mensdom sterf! Is die koronavirus 'n voorbeeld hiervan? Ons is nog nie by 'n derde van die bevolking wat gesterf het nie, (ons is selfs nog nie by die dodetal van die Spaanse griep in 1917/8 nie). Maar duisende mense sterf daagliks deur hierdie plaag! Wat is God se doel met dit alles? Op 9:20-21 maak dit baie duidelik: Hulle moet hulle bekeer, maar hulle doen dit nie! Dink aan al die nuusbuletins wat jy gehoor en gelees het hieroor die afgelope paar maande. Hoeveel fokus hoor jy in die wêreld oor die noodsaak van bekering tot God in die lig van natuurrampe, mense wat die lus vir die lewe verloor, en selfs derduisende wat alreeds gesterf het aan coronavirus? Hoeveel fokus hoor jy van die kerk hieromtrent?

- **Die klein boekie**

Voordat die sewende trompet, wat die finale oordeel is, geblaas word (Op 11:15), sien Johannes twee ander visioene: die klein boekie (Op 10) en die twee getuies (Op 11:1-14). Ons fokus slegs op die klein boekie.

In vers 1 sien Johannes 'n sterk engel wat in sy hand 'n boekie het. Daar is baie debat oor wie die sterk engel is. Ek wil beweer dit is niemand anders as Jesus self nie – immers is daar 'n wolk om Hom (soos wat ons in Dan 7 lees), Sy gesig soos die son en bene van vuurpilare herinner bietjie aan Op 1 se oë van vuur en voete van geelkoper wat gloei in 'n smeltoond, Hy het 'n stem wat brul soos 'n leeu (Jesus is tog die Leeu uit die stam van Dawid) en die feit dat Hy 'n sterk stem het, en sy een voet op die land en die ander in die see is, dui tog op Sy heerskappy (Jesus het tog alle mag in die hemel en op aarde).

Wanneer hierdie engel met 'n sterk stem uitroep, is daar sewe donderslae. Johannes wou die betekenis van die donderslae neerskryf, maar hy word gekeer. Ons weet dus doodeenvoudig nie wat die donderslae se betekenis is nie. Laat ons dus ook leer dat daar dinge in die lewe is wat ons nie verstaan nie. Laat ons dus maar nederig bly.

In verse 5-7 lê hierdie sterk engel 'n eed af by die Skepper wat tot in ewigheid sal lewe. Die inhoud van die eed is betekenisvol: Daar is geen tyd meer oor voor die sewende engel op sy trompet gaan blaas nie, m.a.w. daar is geen tyd meer oor voor die finale oordeel nie. En wanneer die sewende engel sy trompet gaan blaas, dan sal God se verborge bedoeling bekend gemaak word. Wat is hierdie verborge bedoeling? Wel dit is wat God aan die profete bekend gemaak het. Wat is dit? Lees Ef 1:9-10 – alles word nou onder een hoof, naamlik Christus, verenig. Of Rom 16:25-26 – dis nou tyd om in God te glo en Hom te gehoorsaam. Nou – voor die sewende trompet blaas!

In verse 8-11 kry Johannes die opdrag om die boekie uit die hand van hierdie engel te gaan haal, en hy moet dit eet. Johannes gehoorsaam. Toe hy die boekie eet, is dit soet in sy mond, maar in sy maag word dit bitter. Die boekie is natuurlik die Woord, in besonder die evangelie. Dit is soet as jy dit inneem, maar het ook bitter gevolge. Netsoos wat die redding van gelowiges deel is van die evangelie, is die oordeel van die ongelowiges ook deel van die evangelie. En dan kom die opdrag na Johannes – na ses trompette al geblaas het, en Jesus 'n eed afgelê het dat die tyd vir die sewende seël, d.w.s. die finale oordeel, so te sê hier is, en gesien in die lig van die feit dat die wêreld hulle nog steeds nie bekeer het nie: Gaan verkondig weer God se boodskap aangaande baie volke, nasies, tale en konings! Dis dringend!

Verstaan jy die prentjie? As die wêreld getref word deur die een natuurramp na die ander, as mense die lus vir die lewe verloor het, en veral as 'n sondige wêreld rondom jou gekenmerk word dat mense in groot getalle mense begin sterf – dan moet jy weer gaan verkondig!! Verstaan jy hoekom dit nie 'n tyd is vir in jou binnekamer gaan sit nie? Ja, wanneer die sewende trompet blaas, dan skuil ons in die ark, in ons huise of binnekamers, bedoelende in Christus. Maar as die ses trompette blaas, soos bv in die middel van 'n coronavirus pandemie, is daar dringende werk wat gedoen moet word: Gaan uit! Gaan verkondig weer!

Ja, ek verstaan ons kan nie fisies uitgaan nie. Maar ons het mos toegang tot 'n verskeidenheid elektroniese middels tot ons beskikking om dit te kan doen – sonder om uit ons huise te gaan. Dit lyk my dis hoe ons een van die dae skool gaan hou. Hoekom kan dit nie ook ons fokus wees om die evangelie te verkondig nie?

Implikasies vir ons

Ons het die afgelope paar weke gepraat oor die eerste 3 bedes in die Onse Vader. Sien jy die verband?

Laat U wil geskied – die burgers van God se koninkryk moet lewe soos God wil – dit beteken ook die gemeentes moet besin of hulle op koers is om te lewe soos wat God wil, soos wat ons in die sewe briewe lees.

Laat U koninkryk kom – die burgers van God se koninkryk, dus die gelowiges, moet weer uitgaan om te verkondig.

As dit in alles in plek is, sal God se Naam geheilig word.

Julle moet nou maar aanstoot neem as julle wil, maar ek wonder oor die volgende:

- Is dit toevallig dat ons sedert 2017 besig is om sistematies deur Openbaring te werk in die Bybelstudie?
- Is dit toevallig dat die uitbreek van die coronavirus in Desember 2019 saamval met die realisering dat alles nie in plek is in Logos gemeente nie?
- Is dit toevallig dat ons die laaste twee jaar juis 'n internetbediening en facebook bediening geloods het?

Of is dit dalk God wat doelgerig met die wêreld, en ook spesifiek met Logos, op pad is en baie duidelik vir ons wil sê: Onderzoek julleself en sorteer al die dinge waaroor julle so tob dringend uit! Daar is dringende werk wat gedoen moet word! Gaan en verkondig weer – die wêreld het hulle nog nie bekeer nie! En daar is nie meer baie tyd oor nie – die sewende trompet kom al hoe nader!